

PRYSVERHOGING

'n Algemene prysverhoging van gemiddeld 7% tree in werking op die 1 Julie 2016. Dit is altyd ons hoogste prioriteit om die Aloe Ferox produkte so bekostigbaar as moontlik te hou sonder om die kwaliteit te benadeel.

Die **Timeless haiRevolution** en **Vitamin C+** se pryse bly onveranderd.

Die **Hand Cream** en **Body Lotion** is teen 'n ander skaal aangepas om die verskil tussen die 50 en 250ml te normaliseer.

Die kostes van **Glycerin Soap** het uitermatig verhoog. Ons was dus genoodsaak om die prys daarvolgens aan te pas.

VAL-U-LIFE

Die samestelling van **Val-u-Life** is sowat 61% *Sutherlandia frutescens*, 31% Aloe Ferox-blaar (geen bitters!), 5% Olyfblaar-ekstrak en 'n klein hoeveelheid Selenium. *Sutherlandia frutescens* is ook bekend as die kankerbossie, 'n tonikum wat help om die natuurlike liggaamsprosesse te stabiliseer. Aloe ferox blare, ryk aan anti-oksidente en bekend vir sy strelende en genesende eienskappe, het 'n lang geskiedenis van herstel en handhawing van die gesonde funksionering van die liggaam. Olyfblaar word hooggeag as gesondheidsaanvulling na aanleiding van verskeie positiewe verslae dat dit die liggaam help om te herstel van virale infeksies, asook ander spysvertering- en gesondheidsprobleme. Selenium is hoog in anti-oksidente, wat op sy beurt selle teen skade beskerm.

Val-u-Life is 'n fyn-uitgewerkte kombinasie van die beste kruiebestanddele wat jou liggaam help om sy eie hulpbronne te aktiveer sodat dit met heelwat van die stresverwante siektes wat ons gesondheid so aanval, kan klaarspeel. Al hierdie kruie en bestanddele is bekend vir hul positiewe uitwerking op die immuunstelsel.

V: Is Val-u-Life veilig?

A: Enigiets wat deur die mens ingeneem word – selfs in klein dosisse – kan nuwe-effekte veroorsaak. Ken jou liggaam! Begin dus altyd met 'n baie klein dosis wanneer jy vir die eerste keer kruie begin gebruik. Wees op die uitkyk vir enige tekens van ongemak of nuwe-effekte 'n paar dae vóórdat jy die volle aanbevole dosis begin neem. Vermy die neem van kruie op 'n leë maag, want dit kan nuwe-effekte vererger. Neem altyd NA 'n ete.

V: Het Val-u-Life enige nuwe-effekte?

Enkele nuwe-effekte insluitend droë mond, ligte uriendrywende effek, los stoelgang of hardlywigheid is al gerapporteer. Bejaarde en swak pasiënte het effense lighoofdigheid gerapporteer. Monitor bloedsuiker noukeurig tydens gebruik van kruie-aanvullings (diabetes-lyers). Daar bestaan geen bekende risiko's rakende die gebruik van enige van die genoemde kruie tydens swangerskap of laktasie nie. Bespreek met jou dokter alvorens gebruik. Raadpleeg jou dokter alvorens kruie-aanvullings gebruik word wat die immuunstelsel kan stimuleer (outo-immuunsiekte-lyers). Genoemde kruie kan met chemoterapie en anti-retrovirale middels inmeng en die gebruik daarvan moet eers met jou betrokke dokter bespreek word (kanker- & HIV-lyers).

V: Kan ek die aanbevole dosis oorskry?

A: Die aanbevole dosis van 2 kapsules per dag moet nie oorskry word nie.

V: Hoe lank mag ek Val-u-Life gebruik?

A: **Val-u-Life** kan daagliks vir die res van jou lewe as aanvulling gebruik word om goeie gesondheid te help handhaaf.



spesiale aandag aan die voorkop en die kraaispoortjies om die oë

TIMELESS SKIN DAY CREAM

Timeless Day Cream is wetenskaplik-geformuleer met 'n optimale UVA/UVB kombinasie, en versterk met Aalwyn, Vitamien E en Jojoba-olie en is vry van tradisionele preserveermiddels om jou ouerwordende vel met teerheid te versorg. Dit is verryk met teen-veroudering-bestanddele uit Frankryk en Spanje wat ontwerp is om verligting vir die vel te bring, fyn lyne van binne af te versag deur die vel te herstel waar nodig – met spesiale aandag aan die voorkop en die kraaispoortjies om die oë – en ook om onmiddellike en langdurige bevochtiging te verskaf.

V: Hoekom is Jojoba-olie voordelig in gesigrome?

A: Jojoba-olie (Wetenskaplik: *Simmondsia chinensis*) is 'n vloeistof wat uit die neut van 'n inheemse Amerikaanse struik gepers word. Jojoba-olie kan 'n doeltreffende obstruksie tussen eksterne elemente en die vel skep om sodoende velvog binne te hou. Jojoba-olie word vinnig deur die vel aanvaar omdat die struktuur van Jojoba-olie soortgelyk aan die van natuurlike vel-olies is.

V: Wat is die voordele van Vitamien E vir my vel?

A: Antioksidante neutraliseer die oksiderende effek van vrye radikale (molekules) wat kollageen beskadig, vel droogheid, fyn lyne en plooië veroorsaak en verhoed sodoende dat sellulêre skade voorkom. Vitamien E is een van die kragtigste antioksidante, maar die liggaam produseer ongelukkig geen Vitamien E nie. Dat beteken dat jy genoeg van hierdie waardevolle voedingstowwe deur jou dieet moet inneem. Vroeë veroudering en skade aan jou DNA kan gekortwiek word deur kosse wat ryk is aan Vitamien E te eet en Vitamien E aanvullings en versorgingsprodukte te gebruik [Bron: WebMD, Phillips]



MUSCLE GEL

NIE NET VIR SEER SPIERE NIE

Muscle Gel bevat 'n kombinasie van kruie wat help met die versorging van pynlike spiere, gewrigte, ligamente en 'n lastige kop en om gemaklike asemhaling te handhaaf. Wend *Muscle Gel* 2–3 x mildelik aan aangetaste dele. Vir 'n lastige kop wend aan slape en voorkop. Vir gemaklike asemhaling wend aan op bors, keel en rug en vir 'n kriebelrige keel wend *Muscle Gel* aan keel of bors soos nodig.

